Bosveld Jagters- en wildbewaringsvereniging Letaba Tak

Ge-akrediteer deur SAPD Akkreditasie nommer 1300084
Posbus 1989, Tzaneen, 0850 Tel: 071 8714 710 Faks: (086) 5549798
E-pos: letaba@bosveldjagters.co.za Web adres: www.bosveldjagters.co.za

# Notule van die BJV Letaba Ledevergadering gehou op 1 Julie 2010 om 18:00 te BJV Letaba Klubhuis Tzaneen

**1. Opening en verwelkoming**:

Schalk Robinson verwelkom almal teenwoordig. Schalk rig 'n spesiale verwelkoming aan Francois du Toit en Theo van Huysen van Cross Country vir hul teenwoordigheid.

**2. Doelstellings:**

Louis Naude lees die doelstellings voor.

**3. Lief en Leed:**

Geen.

**Teenwoordig:**

**Bestuur:**

| | | |
|---|---|---|
| Schalk Robinson | Phillip Robinson | Chris de Wet |
| Maruis van Rensburg | Chris Venter | Alwin Fleischmann |
| Dawie van Vuuren | Belinda Badenhorst | |

**Lede:**

| | | |
|---|---|---|
| L.L Joubert | Johan Brummer | Nelia Brummer |
| Jaco Brummer | J.S van Jaarsveld | L Olivier |
| P Meyer | M.S Marais | F.J du Toit |
| L.P Naude | W Jacobz | Kobus Winterbach |
| J.J Botha | D Schoeman | W.L Marais |

**4. Verskonings:**

| | | |
|---|---|---|
| Andre le Grange | Dawie Botes | Karl Osmers |
| Rob du Plessis | Johan Ehlers | Johnny Rech |
| Gys Pretoruis | Wallie van Dyk | Stephan Fourie |
| Walt Katzke | Carel Buitendag | Hansie Botha |
| Abel Botha | | |

Voorsitter (Hansie Botha) Tel: 083-290 0738 Ondervoorsitter Admin (Schalk Robbinson) Tel: 083-700 4885
Sekretaris (Giam Fourie): Tel: 079-509 1071 Ondervoorsitter Opleiding (Walt Katzke) Tel: 082-872 5530
Tesourier (Rob du Plessis) : Tel: 082-856 6000 Sekretaresse : Belinda Badenhorst Tel: 071 8714 710

**5. Vorige notule:**

Die vorige notule word aanvaar. Alwin Fleischmann as voorsteller en deur Chris de Wet gesekondeer.

**6. Sake voortspruitend uit die vorige notule**:

Soos onder verskillende afdelings by Notule ingewerk.

**7. Finansies & Administrasie:**

| | | |
|---|---|---|
| Spaarrekening Saldo: (Kroeg) | R | 2 760.68 |
| BJV Spaar Rekening: (Aanvraag) | R | 110 245.12 |
| BJV Tjekrekening: | R | 7 112.43 |

**8. Nuwe Lede & Toegewyde Status:**

**8.1 Nuwe Aansoeke:**

| | | |
|---|---|---|
| 6395 | Louise P Naude | Goedgekeur |
| 6408 | Kobus Gouws | Goedgekeur |

**8.2 Toegewyde Jagterstatus**:

| | | |
|---|---|---|
| 6382 | Abe Schulman | Goedgekeur – Professionele Jagter |
| 6317 | Walter Christie | Voorwaardelike goedkeuring aan vereistes |
| 1495 | M.S Marais | Goedgekeur |
| 1203 | P.M Janse van Rensburg | Goedgekeur |

**8.3 Dienssertifikate.**

In druk sal aan lede uitgestuur word sodra ontvang word.

**9. Klubhuis & Skietbaan gronde:**

**9.1. Arbeid**

**9.2. Klubhuis:**

**9.2.1** Die Toshiba lugversorger soos herstel deur Lowveld Aircon is in werking.

**9.2.2** Belinda moet Dwayne van Weltmart skakel vir die installeering van die kragprop in die dak.

**9.2.3** Belinda moet Ivy Iveson skakel en vra vir die geyser wat hy aan die BJV geskenk het. Donkie nog op die plaas vir verdere gebruik daar tot die BJV dit elders benodig.

**9.2.4** Schalk Robinson gee terugvoer oor die herstel van die pad wat nie koste effektief herstel kan word nie en vra dat 'n proffesionele kenner insette moet gee. Kobus Winterbach onderneem om Phillip Vorster te vra vir insette.

**9.3 Skietbaan**

**9.3.1** Die uitleg van die skietbaan word oorhandig aan die dagbestuur vir vordering en afhandeling. Voorstelle sal op latere vergaderings voorgele word.

**9.3.2** Links van die huidige skietbaan gaan 3 tafels gebou word wat toeganklikheid vir gestremdes sal verleen. Alwin Fleischmann bevestig dat die beplanning gedoen is en vra hulp van bereidwillige lede. Cor Olivier sal Kobus Gouws nader vir hulp en insette. Die gestremde toeganklikheid moet afgehandel wees teen 16 Oktober 2010 voor die groeperingskietdag.

**9.3.3** Hansie Botha het 'n voorstel vir die opsit van plankies onder die skiettafels by die skietbaan sodat die sandsakkies permanent daar gebere kan word, ingedien. Lede het ook dromme of staalkaste voorgestel.

**9.3.4** Die plant van gras is uitgestel tot die lente. Maruis van Rensburg sal uitvind van "Teff gras".

Schalk Robinson vra lede om te help om die baan wat uitgegrawe word af te pen sodat dit reguit gemaak kan word. Cor Olivier en Maruis van Rensburg bied hulp aan en sal dit verder uitsorteer.

**9.3.5** Die reels van die skietbaan sal met James Norval opgeneem word.

**9.4 Kroeg**

**9.4.1** Schalk Robinson en Belinda sal drankpryse na 50% winsgrens vasstel en implementeer.

**9.4.2** Belinda onderneem om nog kroegpersoneel op 'n deeltydse basis aan te stel om die diens by die kroeg te verbeter.

**9.4.3** Die kroeg sal die helfte van die kragrekening betaal van die begin van hierdie maand.

**10. Skietdae**

Die volgende reelings moet getref word vir die pretskietdag (ghongskiet) wat plaasvind op Saterdag 3 Julie 2010.

* Alwin Fleischman het 5 ghongs gebring vir gebruik.
* Chris Venter, Cor Olivier en Pieter Meyer is baanoffisiere.
* Brown moet 4 x ou springbokteikens en 4 x vlakvarkteikens plak.
* Belinda behartig die inskrywings.
* Inskrywings beloop R40 vir eerste rondte en R20 vir 2de rondte.

**11. Opleiding:**

Phillip Robinson gee terugvoer oor die baie suksesvolle Junior II kursus wat plaasgevind het by Ferroland gedurende 17 – 20 Junie 2010.
Die BJV het vir die eerste keer 'n wins getoon met die Junior II kursus.
Phillip en Schalk Robinson bedank almal vir hul hulp en bereidwilligheid en goeie werk.
Walt Katzke sal met Maruis Fulls reel vir 'n tweede skietdatum in Augustus vir die Juniors wat nie 'n bok geskiet het nie.

**12. Kleiduif:**

Cheuniespoort uitstappie is nog uitgestel tot in Augustus of September 2010.

**13. Boogjag:**

Geen

**14. Handwapenjag:**

Geen

**15. Buskruit:**

Voorstel dat die buskruit, swartkruit, .22, Chasa en Boogskiet alles op 1 dag plaasvind.

**16. Windbuks:**

Alwin Fleischmann sal nog ‘n datum bepaal vir die Wolkberg Akademie vir windbuks opleiding.

**17. Jaggeleenthede:**

Schalk Robinson versoek insette, voorstelle en kwotasies vir die bestuurjagnaweek wat sal plaasvind vanaf 29 Julie 2010 tot 1 Augustus 2010. Kobus Winterbach het sy plaas Tagmra voorgestel en sal ‘n pryslys na Belinda stuur. Belinda moet aan alle bestuurslede ‘n e.mail stuur vir besprekings en antwoorde moet die kantoor voor Woendsdag 7 Julie 2010 bereik.

**18. Redaktrise / publikasies / pers**

Belinda Badenhorst word aangestel.

**19. Uitvoerende vergadering:**

Vind plaas 18 Augustus 2010 te Pietersburg.

**20. Fondsinsamelings**

**20.1** Schalk Robinson vra almal se samewerking met die borginsameling vir die groeperingskietdag in Oktober 2010. Schalk sal die borglys aan lede mail.

Chris de Wet sal met die bestuurslede skakel en ‘n span optrek vir die fondsinsameling. Vra ook lede se hulp en bystand.

Alwin Fleischmann stel voor dat die uitnodigings vroegtydig gestuur moet word.

**20.2** Hansie Botha sal by Rachelle van Heerden uitvind in verband met die vordering van die verkoop en opsit van die advertensieborde.

**21. Algemeen:**

**21.1** Belinda het toestemming vir die bemarking en reelings rondom die Selfverdedigingskursus deur Crime Buster Campaign of deur Alwin Fleischmann soos sy verkies.

**21.2** Theo van Huysteen spreek die lede toe en verduidelik hul versekerings skema vir jagte en eiendom. Belangstellendes kan Francois du Toit skakel by **082 8934 041**.

**22. Vuurwapenbevoeghtheid**

Hofsaak is uitgestel tot verdere kennisgewing. Goedkeuring is verleen dat die BJV ‘n donasie van R10 000.00 (Tien Duisend Rand) uit die BJV Spaarrekening sal skenk.

**23. Vastelling en byvoegings tot die agenda:**

Maruis van Rensburg stel ‘n opgradeering van Belinda se rekenaar voor. Schalk Robinson onderneem om die saak te ondersoek.

Die volgende Ledevergadering sal plaasvind op **Donderdag 5 Augustus 2010** om **18:00** by die **Klubhuis.**